# LAERSKOOL HERMANUS

# GEDRAGSKODE EN

# DISSIPLINEBELEID

## DISSIPLINE

1. Goeie dissipline is ŉ integrale deel van Laerskool Hermanus se karakter.

2. Dit is elke leerkrag se verantwoordelikheid om goeie dissipline in sy/haar klas/vak te handhaaf.

3. Goeie dissipline word verseker deur ŉ leerkrag wat deeglik voorbereid by die skool opdaag.

4. Leerders mag nie net in klasse sit nie. Die leerkrag moet die kurrikulum-inhoud so aanbied dat elke leerder die geleentheid kry om te leer.

5. Dissiplinêre probleme word hanteer volgens die voorskrifte van die dissiplinêre beleid.

6. Elke leerkrag moet die oortreders in sy/haar klas/vak penaliseer vir oortredings wat die leerders begaan.

## HANDHAWING VAN DISSIPLINE EN DIE BEHOUD VAN ONS SKOOL ETOS AAN DIE HAND VAN ONS GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

### INLEIDING

Die probleem met dissipline is wyd. Die waardesisteme van die ouers het verander en dit beïnvloed dissipline. Nie alle ouers het beheer oor hulle kinders nie en die verantwoordelikheid word aan die skool oorgelaat.

1. Die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet No. 84 van 1996, Artikel 8(1) magtig die beheerliggaam van ŉ skool om dissipline in ŉ skool te handhaaf. Die gedragskode moet gedrag wat die regte van leerders en opvoeders respekteer voorskryf.

2. Artikel 8 van die Suid-Afrikaanse Skolewet maak voorsiening daarvoor dat die beheerliggaam van ŉ openbare skool ŉ Gedragskode moet aanvaar. Die Gedragskode moet gerig wees op die vestiging van ŉ gedissiplineerde en doelgerigte omgewing om doeltreffende onderwys en studie in skole te bevorder.

### Aanhef tot die gedragskode

Die aanhef tot die SA Skolewet No. 84 van 1996 word aanvaar. Alhoewel die staat die verpligting het om onderwys aan almal beskikbaar en toeganklik te maak, besef ons as skoolgemeenskap (leerders, opvoeders en ouers) dat ons ook ŉ verantwoordelikheid het om dit aan te vul. Dat ons ook sal streef na ŉ kultuur van versoening, onderrig, studie en wedersydse respek, asook die vestiging van ŉ kultuur van verdraagsaamheid en vrede in alle skole.

**ONS MISSIE**

By Laerskool Hermanus streef ons na die volgende:

1. Om ons opvoeding en onderwys op Christelike waardes te baseer.
2. Die hoogste moontlike akademiese en kulturele prestasie van elke individuele leerder.
3. Die ontplooiing en aanwending van ons leerders se talente en vaardighede.
4. Goeie dissipline in ons skool.
5. Goeie twee-rigting kommunikasie tussen skool en ouergemeenskap.
6. Om leerders sosiaal en emosioneel te ontwikkel om waardige lede van die skoolgemeenskap te wees.

**SKOOLKODE EN SKOOLREëLS**

By Laerskool Hermanus beklemtoon ons die feit dat leerders goeie maniere, selfrespek en respek vir andere sal hê. Die leerders moet streef om ʼn goeie beeld van ons skool uit te dra en moet self gedissiplineerd wees. Die klem val dus op die positiewe eienskappe soos stiptelikheid, eerlikheid, selfwerksaamheid en netheid.

## SKOOLREëLS- PROSPEKTUS

**SKOOLREëLS**

**Voorkoms van leerders**

1. Tensy vrystelling deur die Beheerliggaam verleen is, moet leerders voldoen aan die voorskrifte ten opsigte van skooldrag en persoonlike netheid.
2. Wanneer leerders na en van die skool beweeg moet hulle korrek in skooldrag geklee wees, tensy hulle sport beoefen.
3. Geen juwele, behalwe ʼn horlosie, oorstafies sonder motief (slegs vir dogters) of die “medic alert” kenteken mag gedra word nie.
4. Slegs wapens of toekennings wat deur die skool toegeken word, mag op skooluniform aangebring word.

**HARE:**

**Seuns:**

- Hare mag nie oor die oë hang nie (d.i. wanneer vooroor gekam).
- Hare mag nie oor die ore hang nie (d.i. wanneer regaf gekam).
- Die bakkebaard mag nie laer as die middel van die oor, reg oor die gaatjie strek nie.
- Wanneer die leerder regop staan, mag die hare nie die kraag van sy klere raak nie.
- Die agterste deel van die hare moet geleidelik afgedun word.
- Hare bo **moet in verhouding** met die hare agter en langs die kant van die kop.
- Hare mag nooit gekleur word nie.
- Lang hare en enige **uitspattige haarstyle** sal nie geduld word nie.
- Harestyle en/of bykomstighede wat deel uitmaak van die leerder se geloof sal toelaatbaar wees op skriftelike aanvraag.

**Dogters:**

- Lang hare moet vasgebind wees met wit, donkerblou of donkergroen lint , “alice band” of rekkies.
- Indien hare los gedra word, moet dit so geknip wees dat wanneer die dogter vooroor buk, die hare nie oor die oë val nie.
- Uitspattige haarstyle (“afro”, ŉ groot aantal vlegseltjies ens.) sal nie geduld word nie. Netjiese vlegsels wat vasgemaak is sal wel aanvaarbaar wees met goedkeuring van netheidshoof. Hierdie vlegsels (“extensions”) moet die leerders se natuurlike haarkleur wees.
- Hare mag onder geen omstandighede gekleur word nie.
- Oorbelle: L Klein silver of goue “studs” knoppies of klein ringetjies “sleepers” mag gedra word. Die “studs” mag klein kleurlose diamant steunjies wees. Geen kleurvolle steuntjies sal toegelaat word nie. Indien onseker, verwys na netheidshoof.
- Harestyle en/of bykomstighede wat deel uitmaak van die leerder se geloof sal toelaatbaar wees op skriftelike aanvraag.

**GEDRAGSKODE**

1. Leerders moet die skool tydens die vasgestelde skoolure stiptelik bywoon. ŉ Leerder mag nie gedurende skoolure sonder die skoolhoof se toestemming afwesig wees of die skoolterrein verlaat nie. In die geval van afwesigheid moet die ouers skriftelik ŉ rede aan die skoolhoof verstrek.

2. Terwyl ŉ leerder onder die skool se toesig is, mag hy nie ŉ mede-leerder se liggaamlike welsyn benadeel of in gevaar stel nie, **en mag hy nie wapens, speelgoed of stowwe wat liggaamlike besering kan veroorsaak** in sy besit hê nie.

3. Terwyl hy onder die skool se toesig is mag ŉ leerder nie sigarette,vapes, dwelmmiddels, alkoholiese drank of aanstootlike leestof of materiaal in sy besit hê nie.

4. Skooleiendom, of enigiets by die skool wat die eiendom is van iemand anders, mag nie geneem, beskadig, ontsier of besoedel word nie.

5. ŉ Leerder mag nie sonder die skoolhoof se toestemming ŉ selfaangedrewe voertuig op die skoolterrein bestuur of parkeer nie.

6. Aan die begin van die dag en ook aan die einde van pouses tree die leerders op voorgeskrewe plekke in rye aan voordat hulle na hul onderskeie klaskamers stap.

7. Sodra leerders die skool binnegaan, moet hulle:
    a) stil wees
    b) netjies agtermekaar aan die linkerkant van die gang stap.
    c) reguit na hulle klaskamers stap. Toilette moet gedurende pouses besoek word.

8. Wanneer leerders in ʼn ry stap, moet die personeel gegroet word. Wanneer ʼn volwassene ʼn klaskamer binnegaan, staan die leerders op, wag totdat hulle gegroet word, en gaan dan sit. Wanneer die volwasse persoon die klaskamer verlaat staan die leerders op, en gaan sit sodra die persoon die klaskamer verlaat het..

9. Leerders mag onder geen omstandighede voor of na skool in die gange of klaskamers wees sonder toestemming van ʼn leerkrag nie.

10. Leerders mag nie die hoofingang van die skool gedurende skoolure gebruik nie.

11. Leerders mag onder geen omstandighede die skoolsaal binnegaan tensy ʼn leerkrag teenwoordig is nie.

12. Roomys, lekkers, ens. mag onder geen omstandighede van verkopers oor die draad gekoop word nie.

13. Kougom of borrelgom mag onder **GEEN** omstandighede op die skoolterrein, tydens ʼn uitstappie of wanneer ʼn leerder aan enige skoolaktiwiteit deelneem, gekou word nie.

14. Leerders mag nie oor die heinings klim nie en mag slegs op die sportvelde oefen indien toestemming van die Beheerliggaam verkry is.

15. ʼn Leerder moet deelneem aan die opvoedingsprogramme soos deur die Onderwysdepartement voorgeskryf, tensy vrystelling deur die Dept. verleen is.

16. Wanneer ʼn leerder hom vrywillig by ʼn buitemuurse skoolbedrywigheid aangesluit het, moet hy sy verpligtinge en verantwoordelikhede in verband daarmee stiptelik nakom, tensy hy deur die skoolhoof vrygestel word daarvan.

17. Die volgende oortredings word in ʼn ernstige lig beskou:
17.1 slordige skoolwerk
17.2 versuim om tuiswerk te doen
17.3 leuens vertel
17.4 astrantheid en/of lelike vloek/ skel/ haat taalgebruik
17.5 om leerkragte en komiteelede se opdragte te verontagsaam.

18 Geen leerder mag minagting teenoor die Republiek van Suid-Afrika se nasionale simbole of skool se kodes openbaar nie.

19 Geen leerder mag op enige wyse die naam van ons skool in diskrediet bring nie.

20 **Geen selfone, MP3-spelers, I-pods of enige ander elektriese toestelle word toegelaat nie.**

21 **ALGEMEEN**:

Leerders wat enige van bogenoemde reëls oortree, sal gestraf word na gelang van die erns van die oortreding en in ooreenstemming met die magte en bevoegdhede wat deur die Suid-Afrikaanse Skolewet (nr.84 van 1996) aan die Skoolhoof en Beheerliggaam opgedra is.

**HOE KAN EK AS LEERKRAG ŉ BYDRAE LEWER TOT GESONDER DISSIPLINE?**

**1. Vier hoof-benaderings tot gesonde dissipline:**

1.1. Voorkomend:
Beplan vir lesse, omgewing, vermoëns, vestig roetine en reëls, vaardighede van positiewe fokus bou selfbeeld, bevorder samewerking en kry kinders betrokke by hul eie opvoeding, help om geleenthede vir wangedrag te verminder.

1.2. Korrektief:
Taktiese ignorering, nie-woordelikse kommunikasie, positiewe fokus op aanvaarbare gedra, ek-boodskappe, keuses, erken gevoelens, fokus op jou doel, laat ruimte toe vir leerder om verantwoordelikheid te neem en gedrag te korrigeer, positiewe verwagtings van spontane gedrag - bevestig dit.

1.3. Voortvloeiend:
Onmiddellike of latere gevolge vir leerders vir wie ŉ keuse gegee is en geweier het om verantwoordelikheid vir hul gedrag te aanvaar - gee aanmoediging wanneer leerders wel verantwoordelikheid aanvaar.

1.4. Ondersteunend:
Hervestig ŉ gesonde en werkende leerder/onderwyser-verhouding - herstel emosionele verwydering of breuk - moedig aan en fokus op positiewe gedrag, gebruik probleemoplossings vaardighede.

**2. Voorwaardes vir gesonde dissipline:**

2.1. Gooi weg u BAGASIE wanneer u die skool/klaskamer binnegaan.
2.2. Deeglike voorbereiding
2.3. Onderrigmetodes:Sinvol, interessant en afwisselend
2.4. Leer ken elke kind se agtergrond.

**3. Vaardighede wat help met klaskamer- en skooldissipline:**

3.1. <u>Staan reg:</u>

neem waar
geheelbeeld
kry ruimte
bepaal moontlike faktore

oorweeg alle bronne

3.2. Selfpraat:

selfbeheer
gevoelens afbring
dink rasioneel

3.3. Erken gevoelens:

u eie asook die leerder s'n
leerders tree op volgens gevoelens
verskillende response

3.4. Luister:

fokus op spreker
beheer emosies
los eie gedagtes agter
ope antwoorde
verstaan gevoelens en behoeftes
ontlont gevoelens
vra relevante vrae
moenie eie gevolgtrekkings maak nie.

3.5. Kommunikasie:

oogkontak
aanvaarbare liggaamstaal
stemtoon
woordkeuse
verander JY-boodskappe na EK-boodskappe
gebruik as leerkrag sterk gevoelens het oor gedrag

| *JY-BOODSKAPPE* | *EK-BOODSKAPPE* |
|---|---|
| blaam, beledig, oordeel<br>**Kinders se Reaksies**<br>hou op om te luister<br>reageer negatief<br>neem nie verantwoordelikheid | nie veroordelend<br>**Beroep op**<br>goeie in kind<br>samewerking<br>neem verantwoordelikheid<br>vertroue |

3.6. Prys:

opreg te voorkom
voel goed
betrap hom as hy iets reg/ goed doen
leerkrag is 'n spieël
bemoedig leerders om in hulself te glo
leer leerders om mekaar te bemoedig

3.7. Etiketering:

kies ’n positiewe eienskap
fokus vir ’n week lank op dit alleen

3.8. <u>Positiewe fokus:</u>
fokus op gedrag - nie die kind nie
bou selfbeeld
ek is wat ek dink ander mense van my dink

3.9. <u>Verantwoordelikheid aanvaar:</u>
wie se probleem?
wie word direk geraak?
aanvaar eienaarskap
wat is my rol?
gee probleem terug
bied relevante keuses
keuses lei tot gevolge
verantwoordelikeheid vir gevolge

**4. Punte wat intern kan help in ons skool**

4.1. Leerkragte vergesel leerders tot by deur na buite vir pouse.

4.2. Geen leerkrag mag ’n klas verlaat tensy daar heeltemal orde is nie.

4.3. Leerkragte beweeg na klas se deur wanneer klok lui om leerders te dissiplineer wat klasse wissel.

4.4. Leerkragte vergesel leerders na en van saal. Bly by klas totdat almal rustig is voordat na verhoog beweeg word.

4.5. Wanneer ’n leerkrag die klas in nood moet verlaat moet hy/sy sorg dat ’n ander leerkrag gou kom toesig hou (’n rooster met admin periodes is by die kantoor beskikbaar.)

4.6. Leerkragte moet toesien dat leerders altyd opstaan wanneer ’n volwassene die klas binnekom. Die leerders moet stilbly terwyl die twee volwassenes kommunikeer (Beperk gesprek asseblief.)

**<u>IDENTIFISERING VAN:</u>** **<u>GOEIE GEDRAG</u>**

Alle dissiplinering geskied in liefde en met die nodige empatie. Ons dissiplineer leerders om hulle te help om aanvaarbare lede van die gemeenskap te word.
Dit is ook noodsaaklik om op die goeie te fokus en nie net altyd op die slegte te hammer nie. Positiewe dissipline of prys van leerders vorm deel van ons dissipline beleid.

Om leerders positief te motiveer om positiewe gedrag te openbaar, is positiewe inskrywings op die gerdragsprofiel/leerderprofiel (*D6 Plus) noodsaaklik. Leerders wat onselfsugtige en respekvolle gedrag openbaar, word erkenning gegee in die vorm

van ʼn positiewe inskrywing op sy/haar gedragsprofiel. Hierdie gerdragsprofiel/leerderprofiel (*D6 Plus) gaan huistoe en word deur die ouers gesien op D6 Plus.

**MOTIVERINGSPROSEDURES**:

- Alle leerders kry aan die begin van die jaar ʼn gerdragsprofiel/leerderprofiel op D6. Al die inligting is op een vorm gedruk. Hierdie stelsel toon beide, positiewe gedrag aan die een kant en Negatiewe/Dissipline gedrag aan die ander.
- Leerders wat beduidende, respekvolle en onselfsigtige gedrag openbaar kry ʼn positiewe inskrywings.
- Na vier positiewe inskrywings word die leerder na die Adjunkhoof gestuur om ʼn positiewe blouvorm te ontvang wat ook huistoe gestuur word vir teken. Hierdie blou vorms kom terug na die Adjunkhoof soos die dissipline groenvorms.
- Na drie positiewe blouvorms ontvang die leerder/s ʼn sertifikaat wat erkenning gee vir die puik gedrag/dissipline wat die leerder/s openbaar het.

**Gedrag wat kan lei tot positiewe inskrywings:**

- Onselfsugtige gedrag wat openbaar word deur die leerder.
- Respekvolle gedrag teenoor opvoeders en of medeleerders.
- Verantwoordelike gedrag soos bv. optel van papiere sonder dat daar gevra word, of hulpverlening aan persone uit eie keuse.
- Puik akademiese resultate. Hier is dit nie noodwendig die leerder wat 80% kry nie, maar ook leerders wat bo hulle vermoëns presteer.
- Konstante en volgehoue toewyding by daaglikse monitor take. Spesifiek leerders wat leiding en inisiatief neem.
- Opvoeders word nie beperk tot die bo-genoemde nie. Hierdie is riglyne, maar opvoeders mag hul inisiatief gebruik om erkeninge vir leerders se positiewe gedrag te beloon.

**<u>IDENTIFISERING VAN:</u>** **<u>OORTREDINGS EN STRAFPROSEDURES</u>**

**Oortredings kan in twee groepe verdeel word naamlik:**
Akademiese oortredings en wangedrag. Wangedrag word verder verdeel in alledaagse (minder ernstig) en ernstige oortredings. Voorbeelde:

*1.* *Akademiese – en Alledaagse wangedrag (minder ernstig) oortredings:*
*1.1* Huiswerk en ander akademiese oortredings;
*1.2* Briewe / Verslae/boeke van opvoeders nie geteken of by huis vergeet;
*1.3* Gee nie aandag in klas; steurnis, briefies skryf, papiere gooi;
*1.4* Disrespek vir mede-leerders, bv. minder ernstige ‘boelie’-gedrag;
*1.5* Ondermyn gesag; disrespek vir opvoeders;
*1.6* Onwelvoeglike taalgebruik;
*1.7* Afwesig sonder verlof: skool, klas, skoolaktiwiteite;
*1.8* Vandalisme (indien ernstig, oorweeg direkte verwysing);
*1.9* Verontagsaming van skoolreëls;
*1.10* Verontagsaming van klasreëls. Elke klasopvoeder moet dit opstel vir ondertekening deur ouer en kind;

*1.11* Uitskree in klas sonder om hand op te steek;
*1.12* Rommelstrooi;
*1.13* Diefstal (indien ernstig, oorweeg direkte verwysing);
*1.14* Wangedrag in skooluniform buite skoolgronde;
*1.15* Selfoongebruik of tentoonstelling van 'n selfoon gedurende skoolure.

***2. Wangedrag (ernstig)*:**

*2.1* Herhaalde oortreding van skoolreëls en die gedragskode;
*2.2* Oortreding van eksamenreëls;
*2.3* Disrespekvolle, verwerplike optrede (fisies of andersins), bv. skeltaal gerig teenoor opvoeders, ander leerders, of skoolwerknemers;
*2.4* Viktimisasie, seksisme of rasisme;
*2.5* Bullebakkery en kubberbullebakkery: (Sien ook die beleid i.v.m. bullebakkery en kubberbullebakkery)
*2.6* Besit, gebruik, verkoop of verskaffing of enige middel met 'n narkotiese uitwerking, insluitende alkohol, rook, vaping, dwelmmiddels, medikasie of gifstowwe van enige aard. (Uitsluitend medikasie met voorskrif vir eie gebruik, of gemagtigde medikasie deur ouer of voog);
*2.7* Wangedrag in skooluniform buite of binne die skoolgronde, onder andere, onwelvoeglike taalgebruik, klipgooi, vandalisme, rook, snuif, alkoholgebruik of enige ander wangedrag wat 'n oortreding sou wees op skoolgronde;
*2.8* Immorele optrede, Godslastering, of lasterlike uitsprake ten opsigte van enige aanvaarde godsdiens;
*2.9* Oortredings wat verband hou met beskadiging van eiendom of goedere, saakbeskadiging van enige eiendom wat insluit vandalisme, graffiti en ook brandstigting;
*2.10* Oneerlikheidsoortredinge - Diefstal (insluitende eksamenvraestelle voor aanvang van eksamens); valse voorstelling oor identiteit en opsetlike beskikbaarstelling van valse inligting of vervalsing van dokumentasie ten einde onbehoorlike voorkeur in die skool te verkry;
*2.11* Besit van 'n gevaarlike wapen, insluitende 'n vuurwapen en/of ammunisie.
*2.12* Besit van skerp voorwerpe (uitgesluit opvoedingsmateriaal), dreigende gebare met enige skerp voorwerp (ingesluit opvoedingsmateriaal), enige optrede wat die veiligheid van ander persone bedreig;
*2.13* Besit en/of tentoonstelling van pornografiese materiaal;
*2.14* Onsedelike of onwelvoeglike seksuele praktyke, insluitende openbare onsedelikheid;
*2.15* Oortredings teen liggaamlike integriteit – aanranding, onsedelike aanranding, afknouery, intimidasie, rig van 'n vuurwapen, verkragting, bakleiery, of hardhandige optrede teenoor enige persoon;
*2.16* Verkryging van toegang tot pornografiese-, dobbel- of enige ander webtuistes met ouderdomsbeperkings.

**NB** Geen lyfstraf mag toegedien word nie.

**STRAFPROSEDURES: MINDER ERNSTIGE GEDRAGSOORTREDINGE**
**Prosedure**

Met versuim of gebreke (neglect and demerits) word ŉ aantekening op die leerder se gedragsprofiel gemaak.

1. Na VIER of meer oortredings word die leerder na die adjunkhoof/dissiplinehoof gestuur vir ŉ onderhoud. Die adjunkhoof/dissiplinehoof sal dan ŉ groenvorm invul.ŉ Afskrif van die gerdragsprofiel/leerderprofiel (*D6 Plus) word aan die groenvorm geheg en huis toe gestuur vir teken.
2. Na 3de groenbrief ( dus die vierde groenbrief) en nog steeds geen samewerking of positiewe verandering word ŉ detensie brief uitgereik.
3. Hierdie proses word herhaal na afloop van die detensie, maar detensie sal nou na drie oortredings geskied.
4. Die volgende detensie sal na twee groenvorms geskied.
5. Na die derde detensie sal die ouers in geroep word vir ŉ dissipline onderhoud en/of dissiplinêre verhoor.
6. Indien ŉ gerdragsprofiel/leerderprofiel (*D6 Plus) en groenvorm van die leerder weg raak is dit ŉ onmiddellike DETENSIE.

**A. DETENSIE:**

1. Detensie vind op Vrydae, vanaf 13:10 – 15.10nm plaas.
2. ŉ Brief om ouers in kennis te stel van detensie moet ten minste ŉ dag voor die tyd huistoe gestuur word. Indien ŉ ouer weier dat sy kind detensie sit, word dit na die Skoolhoof verwys.
3. Vir ernstige oortreding kan leerder onmiddellik deur Adjunkhoof op detensie geplaas word.
4. Die name van die leerders wat detensie moet sit word op rekord gehou.
5. Indien ŉ leerder sport het op die dag wat hy detensie sit, mag hy nie aan die sport deelneem nie.
6. Gedurende detensietyd mag leerders nie met ander goed besig wees nie – Leerders moet stil sit en gedragskode uitskryf.

**B. 'TIME-OUT' (TYD-UIT)**

(Waar ŉ leerder as gevolg van ontwrigtende gedrag, na beraadslaging, tydelik uit die klaskamer of skool verwyder word.)

Daar is twee tipes 'time-out':

B1. KLASKAMER 'TIME-OUT'

B2. SKOOL 'TIME-OUT'

Hierdie reëling geskied in die belang van die leerder self en/of die personeellid/-lede en die ander leerders.  LW: Dit raak individue in uitsonderlike omstandighede. Die gebruik van hierdie vorm van intervensie moet deur ŉ opvoeder aangeteken en gemotiveer kan word.

### B1. KLASKAMER 'TIME-OUT'

Die tipe 'time-out' word nie as straf aangewend nie, maar om leerders wat aandagafleibaar (buitengewoon op daardie spesifieke stadium), emosioneel ontwrig is, of wat hulpverlening benodig, die geleentheid te gee om rustig hul werk te voltooi, of om te kalmeer, om sodoende personeel te help sodat normale onderrig in die klaskamer kan voortgaan. Hier word alle partye in ag geneem om te verseker dat onderrig van ander leerders nie ontbreek nie.

**Prosedure:**

1. Wanneer die opvoeder oordeel dat ŉ leerder gedurende die skooldag uit die klaskamer geneem moet word (uitgesluit hulpverlening), word die betrokke leerder na die adjunkhoof afgebring (nie gestuur nie).  Indien die adjunkhoof nie beskikbaar is nie, gaan die opvoeder eers na die sekretaresse wat via die interkom/selfoon, of andersins,  sal reël dat die adjunkhoof afkom na sy/haar kantoor om die saak te hanteer. Indien die adjunkhoof glad nie beskikbaar is nie, word die saak aan die skoolhoof gerapporteer.
2. Waar van toepassing, moet leerders van geskikte werksopdragte deur die opvoeder voorsien word, verkieslik skriftelik. Hou altyd iets sinvols byderhand vir so ŉ situasie.
3. Die taak moet genoegsaam wees vir die tydsduur van die 'time-out' wat gesamentlik met die adjunkhoof bepaal word.
4. Die toesighoudende persoon (bv. enige beskikbare personeellid, die bibliotekaresse, ens.), soos aangewys deur die adjunkhoof, neem waar t.o.v. die emosionele gedrag en/of taakvoltooiing van die leerder en gee terugvoering.
5. Die toesighoudende persoon sal die leerder terugstuur na die klas na skakeling met die adjunkhoof en die klasopvoeder.
6. Die betrokke opvoeder teken die insident en die hantering daarvan teenoor die leerder se naam op D6 aan vir rekorddoeleindes.
7. Die adjunkhoof hou ook rekord t.o.v. die 'time-out', want sou ŉ opvoeder hulp nodig hê t.o.v. klaskamerbestuur, tree die adjunkhoof in gesprek met die skoolhoof, sodat hulpverlening aan die betrokke opvoeder kan geskied.

'Time-out' geskied in 'n lokaal/fasiliteit soos op daardie oomblik bepaal deur die Adjunkhoof.

## B2. SKOOL 'TIME-OUT'

Hierdie meer ernstige 'time-out' is nie voorkomende uitsetting, voorlopige skorsing, of skorsing nie, maar slegs ’n reëling om die leerder ’n geleentheid te bied om sy/haar gedrag te verbeter, voordat voorkomende uitsetting, voorlopige skorsing, of skorsing, as laaste uitweg toegepas word. Hierdie besluit kan slegs deur die skoolhoof en adjunkhoof geneem word.

**Die hoofredes vir die tydelike 'weg van die skool' verwydering is:**

1. Om ruimte te skep tussen die betrokke leerder en die klaskamer waar ’n insident plaasgevind het.
2. Ter wille van die welstand van die opvoeder en die klaskamer waar die insident plaasgevind het.
3. Ter wille van die leerders se veiligheid en hul grondwetlike reg op onderrig in ’n ’normale' onderrig omgewing.
4. Om ’n geleentheid vir ’n leerder wat oortree het te skep om te besin oor sy/haar oortreding (voordat meer ernstige stappe geneem word) en met sy/haar ouer/s te kommunikeer oor verantwoordelike en aanvaarbare gedrag.

**Prosedure:**

1. Hier verlaat die leerder die skoolgebou/gronde onder toesig( ouer moet leerder uitteken) van sy/haar ouers nadat die skoolhoof met die ouer/s geskakel het. Die skoolhoof bestuur via die sekretaresse na aanmelding en raadpleging met die adjunkhoof. Waar nodig word kringbestuurder in kennis gestel rakende die besluit.
2. Vir die res van die skooldag waarop die oortreding begaan is, bly die leerder dan onder die sorg en verantwoordelikheid van die ouer/s.
3. Die leerder mag nie huis toe stap of met ’n fiets ry nie – die ouer kom haal self hul kind, of die skoolhoof neem die leerder huis toe/of na ouer se werk nadat daar telefonies met ’n ouer ooreengekom is.
4. In die uiterste geval waar die leerder se gedrag/houding, of soortgelyk, so onaanvaarbaar is, kan ’n verdere daaropvolgende vol skooldag, of skooldae, tuis ook aanbeveel word. Die besluit word deur die skoolhoof/adjunkhoof geneem na oorlegpleging met ouers en ’n gesprek met die leerder. Konsensus word hier vereis deur die betrokke partye. Indien konsensus nie bereik word nie kan voorkomende skorsing met die oog op ’n verhoor ingestel word. Dit is ’n besluit wat by die diskresie van die skoolhoof berus en leerder veiligheid, personeel veiligheid en die veiligheid van die betrokke leerder moet bepalend wees. Geen leerder het die reg om die normale skooldag van ander leerders en die onderwysers te ontwrig nie. Die skoolhoof moet dus sy skool 'time-out' besluit hierop regverdig en baseer.

5. Die betrokke opvoeder teken die insident en die hantering daarvan teenoor die leerder se naam aan vir rekorddoeleindes.

## C. ERNSTIGE' GEDRAGSOORTREDINGE

Anders as met 'minder ernstige' gedragsoortredinge, word 'ernstige' gedragoortredinge nie deur intervensies van die betrokke opvoeder hanteer nie. 'Ernstige' gedragsoortredinge word direk na die adjunkhoof verwys, wat dit dan aan die skoolhoof oordra. Dit word dus vanuit die skoolhoof se kantoor hanteer.

**Na oordeel van die skoolhoof**, kan 'ernstige gedragsoortredinge aanleiding gee tot die volgende:

- Dissiplinêre onderhoud
- Detensie
- Skriftelike waarskuwing en detensie
- Finale Skriftelike waarskuwing
- Voorkomende skorsing
- Skorsing
- Uitsetting

## REGTE VAN LEERDERS

Daar word van leerders verwag om die skoolreëls en gedragskode te ken en daaraan gehoor te gee. Onkunde hieroor is nie ŉ aanvaarbare verskoning nie.

- **DISSIPLINÊRE ONDERHOUD**

ŉ Dissiplinêre onderhoud dien as intervensie en bied die leerder ŉ geleentheid om sy/haar gedrag te verander, voordat ernstiger stappe oorweeg word.

Nadat die skoolhoof omtrent ŉ insident ingelig is, kan hy na aanleiding van die oortreding besluit om in die teenwoordigheid van die dissiplinehoof en enige ander belanghebbende persone, slegs ŉ dissiplinêre onderhoud met die leerder en sy/haar ouers te hê.

Daar word met die ouers, sowel as met die ander moontlike belanghebbendes, ooreengekom omtrent die tyd en datum wat die onderhoud sal plaasvind.

Daar word notule van die dissiplinêre onderhoud gehou.

Die betrokke opvoeder teken die insident en die hantering daarvan teenoor die leerder se naam aan vir rekorddoeleindes. Hierdie is om die leerder te help om die erns van die saak te laat besef en hul die geleentheid te bied om hul gedrag te verander.

- **DETENSIE**

Detensie dien as intervensie en bied die leerder ʼn geleentheid om sy/haar gedrag te verander, voordat ernstiger stappe oorweeg word.

Nadat die skoolhoof omtrent ʼn insident ingelig is, kan hy na aanleiding van die oortreding besluit om die leerder op gedragsdetensie vanaf 14:00 – 16:30 te plaas.

Die betrokke opvoeder teken die insident en die hantering daarvan teenoor die leerder se op naam D6 aan vir rekorddoeleindes.

- **SKRIFTELIKE WAARSKUWING**

ʼn Skriftelike waarskuwing loop hand aan hand met ʼn dissiplinêre onderhoud indien die leerder herhaaldelik oortree het. Dit word aan leerders gegee word in die geval van ernstige gedragsoortredings waar die ouers in geroep word vir ʼn gesprek en die klag teen die kind skriftelik oorhandig word. Die ouers, leerder, Adjunkhoof en Skoolhoof teken die waarskuwing. Hierdie waarskuwing is geldig vir 6 maande en word op die leerder se lêer gebêre. Indien die leerder in hierdie tydperk verderer ernstige gedrasoortredings het, kan dit lei tot ʼn tweede skiftelike waarskuwing en/ of ʼn dissiplinêer verhoor soos bepaal deur die dissiplinehoof en die gedragskode.

- **VOORKOMENDE SKORSING (Tydperk voor ʼn dissipline verhoor)**

**Artikel 9 van die Skolewet bepaal dat `n leerder as `n voorsorgmaatreël geskors mag word van bywoning van die skool** en die leerder moes vermoedelike ernstige wangedrag gepleeg het. Die beweerde oortreding moet dus van ʼn ernstige aard wees en die leerder se volgehoue aanwesigheid in die skool ʼn gevaar vir hom- of haarself of vir die ander leerders en personeel inhou, slegs dan kan die leerder op redelike gronde en as ʼn voorsorgmaatreël geskors word tot die datum van die dissiplinêre verhoor ( TOT ʼn MAKSIMUM VAN SEWE DAE).

**DISSIPLINêRE KOMITEE**

Omdat die beheerliggaam egter nie altyd op die skoolterrein teenwoordig is wanneerʼn oortreding plaasvind nie, word hierdie funksie aan die skoolhoof (of ander opvoeder) gedelegeer om namens die beheerliggaam te hanteer.

In die geval van ʼn dissiplinêre verhoor moet dit deur die skoolbeheerliggaam behartig word of gedelegeer word na ʼn dissiplinêre komitee.

Die samestelling van die dissiplinêre komitee bestaan uit 5 lede waarvan drie (3) lede deel moet wees van die beheerliggaam. Die voorsitter van die komitee moet ʼn lid van die beheerliggaam wees wat deur die beheerliggaam aangewys is, wat nie deel van die skool se personeel is nie. Hierdie komitee sal die
In die geval van ʼn dissiplinêre verhoor is die volgende van krag.

- Die gedelegeerde moet behoorlik rekord hou van die stappe wat gedoen en die vertoë wat gerig is.

- Tydens so ŉ besluit skakel die skoolhoof/adjunkhoof die betrokke ouer/s en lig hulle dienooreenkomstig in. Hier word die datum en klagte ook aan die ouers skriftelik oorhandig rakende die dissiplinêre verhoor.

- **OORTREDINGS WAT TOT SKORSING MAG LEI**

Skorsing moet slegs oorweeg word nadat alle pogings aangewend is om die gedrag van die leerder te verbeter.

Provinsiale regulasies moet geraadpleeg word in die opstel van ŉ lys van oortredings wat tot die skorsing van ŉ leerder mag lei. Oortredings wat tot sodanige skorsing kan lei, maar wat nie daartoe beperk is nie, sluit die volgende in(VERWYS OOK NA ERNSTIGE WANGEDRAG):

a. Gedrag wat die veiligheid van andere in gevaar stel en hulle regte skend;
b. die besit, dreigement of gebruik van ŉ gevaarlike wapen;
c. die besit, gebruik, oorhandiging of sigbare bewyse van dwelmmiddels of ongemagtigde middels, alkohol of bedwelmende middels van enige aard;
d. gevegte, aanranding of mishandeling;
e. immorele gedrag of godslastering;
f. die valse identifisering van sigself;
g. skadelike graffiti, haattaal, seksisme en rassisme;
h. diefstal of die besit van gesteelde eiendom;
i. onwettige optrede, vandalisme of die vernietiging of ontsiering van skooleiendom;
j. oneerbiedigheid, afkeurenswaardige gedrag en beledigende taal wat teen opvoeders of ander werknemers van die skool of teen leerders gerig is;
k. herhaaldelike skending van skoolreëls of die Gedragskode;
l. kriminele en onderdrukkende gedrag soos byvoorbeeld verkragting en teistering wat op geslag gebasseer is;
m. bullebakkery, veronregting, afknouery en intimidering van ander leerders op fisiese, emosionele, verbale en kubber “cyber bullying” :
n. oortreding van eksamenreëls; en
o. die bewustelike en opsetlike verskaffing van valse inligting of die vervalsing van dokumentasie om ŉ onregverdige voordeel by die skool te verkry.

- **SKORSING EN UITSETTING**

1. ŉ Beheerliggaam mag, na ŉ billike verhoor, enige leerder skors wat skuldig bevind is aan ŉ oortreding van die bepalings in die Gedragskode:
   a. vir ŉ periode van maksimum sewe skooldae (7 skooldae) of gepaste sanksie toedien soos deur die dissiplinêre komitee besluit. Hierdie sewe dae sluit nie die voorkomende skorsingtydperk in nie;
   b. vir ŉ redelike periode wat nie sewe skooldae oorskry nie, in afwagting van ŉ besluit deur die Departementshoof op aanbeveling van die beheerliggaam of die leerder uit die skool gesit moet word al dan nie.

2. ʼn Leerder wat uit die skool gesit is, of sy/haar ouer, mag binne sewe dae vanaf die besluit om hom/haar te skors by die Lid van die Uitvoerende Raad appél aanteken teen die besluit van die Departementshoof.

3. In gevalle van dissiplinêre oorplasing moet die Departementshoof ʼn plek in ʼn skool vir ʼn leerder vind totdat die leerder ouer as die verpligte skoolbywoningsouderdom is, aangesien die reg van ʼn leerder op basiese onderwys nie geskend kan word nie.

4. Alle besluite wat tot skorsing of uitsetting uit die skool lei moet die toepaslike wette in aanmerking neem, byvoorbeeld ʼn leerder wie se ouer nie in staat is om die skoolgelde soos deur die bestuursliggaam bepaal te betaal nie, mag nie geskors word van klasse of uit die skool gesit word nie.

5. Vir die verhoor moet die leerder en sy/haar ouers of voog
   a. ingelig word oor die aanklagte, waarvan skriftelike kennis moet geskied ten minste vyf dae voor die tyd, wat ook die datum, tyd en plek van die verhoor moet aandui, en die leerder moet die aanklagte verstaan;

   b. sodanige besonderhede oor die aanklagte ontvang waartoe hy/sy volgens wet geregtig is, indien hy/sy dit sou versoek;

   c. die geleentheid gebied word om aangehoor te word en sy/haar kant van die saak te stel en om die tersaaklike feite voor te dra;

   d. nie verhoed word om deur ʼn regspersoon verteenwoordig te word nie, in elk geval ʼn skriftelike verduideliking van die aanklagte verskaf moet word, of, in minder ernstige gevalle, mag die leerder deur ʼn lid van die Verteenwoordigende Raad van Leerders, ʼn ouer, voog of opvoeder verteenwoordig word.

   e. deur ʼn onpartydige persoon of persone aangehoor word;

   f. met waardigheid tydens die proses behandel word;

   g. skriftelik van die besluit van die beheerliggaam, of hy/sy skuldig is aan wangedrag al dan nie, in kennis gestel word, asook van die straf wat opgelê gaan word in die geval van skorsing of uitsetting uit die skool; en

   h. die reg hê om in die geval van skorsing tot die Voorsitter van die Beheerliggaam en in die geval van uitsetting tot die Lid van die Uitvoerende Raad te appelleer indien hy/sy deur die besluit van die beheerliggaam gegrief is.

   i. Alles wat tydens verhoor gesê word moet op band of video vasgelê word.

   j. Indien ʼn leerder of sy ouers dit versoek moet daar van ʼn tolk gebruik gemaak word.

6. Die beheerliggaam moet ʼn verslag oor die verrigtinge van die verhoor hou en:

   a. mag die Departementshoof skriftelik in kennis stel van sy besluit om ʼn leerder te skors; of
   b. moet die Departementshoof in kennis stel, binne vier-en-twintig uur vanaf sy aanbeveling vir die uitsetting van die leerder uit die skool.

7. Onderhewig aan enige provinsiale wet mag ʼn leerder slegs deur die Departementshoof uit die skool gesit mag word.

- **DISSIPLINÊRE VERHOOR**

Die riglyne voorgeskryf in Staatskoerant 28426 van 26.01.2006 verwys en is van toepassing ten opsigte van 'n dissiplinêre verhoor en word kortliks soos volg saamgevat:

1. 'n Voorgeskrewe skriftelike kennisgewing (ten minste 5 dae voor verhoor) word aan die ouers gegee by wyse van geregistreerde pos, per hand of per e-pos indien omstandighede dit vereis, wat onder andere die volgende insluit:

   - 'n Kortlikse omskrywing van die aanklag teen die leerder;
   - 'n Kort opsomming van die getuienis wat aangebied gaan word teen die leerder;
   - Die ouers word ook telefonies verwittig van die voorgenome verhoor;
   - Bevestiging van reg tot regsverteenwoordiging, indien so verkies;
   - Die leerder se reg om skriftelike vertoë te rig voor die verhoor, waarom hy/sy nie geskors of uit die skool gesit mag word nie. Indien omstandighede dit vereis, word die kennisgewing aan die betrokke ouer per hand afgelewer.

2. Die dissiplinêre komitee moet bestaan uit vyf (5) lede waarvan een die voorsitter is. Die Skoolhoof en Dissiplinehoof mag slegs die rol vervul van aanklaer ten einde te verseker dat hulle nie die rol van vervolger en beoordelaar vervul nie. Indien nodig, kan die Skoolhoof en Dissiplinehoof bygestaan word deur 'n regsverteenwoordiger in gevalle waar ouers regsverteenwoordigers saam met hulle na 'n verhoor bring. Die Skoolhoof en Adjunkhoof mag kies om neutraal te bly en nie betrokke te wees by die kommittee nie, solank die SBL- voorsitter/ster lid is van die kommittee.

3. Die ouers/voog moet by die verhoor teenwoordig wees. Uitstel van die saak, indien versoek, moet vooraf met die voorsitter bespreek word. Die leerder se teenwoordigheid vir die duur van die verhoor, al dan nie, is die prerogatief van die voorsitter. Die leerder moet aanvanklik teenwoordig wees om instruksies aan die regshulp, indien betrokke, te gee of om vrae te stel in die nastrewe van die 'audi alterem regsverteenwoordiger patent' beginsel.

## REGSVOORSKRIFTE

1. Die Suid-Afrikaanse Skolewet maak voorsiening vir regsvoorskrifte wat ʼn billike verhoor insluit, voordat ʼn leerder deur die Beheerliggaam uit die skool geskors mag word. Regsvoorskrifte waarborg ʼn leerder ʼn billike verhoor voordat ʼn leerder vir ʼn periode van een week geskors mag word of deur die Departementshoof uit die skool gesit mag word.

2. Enige leerder wat daarvan aangekla word dat hy/sy enige reël oortree het wat skorsing of uiteensetting uit die skool vereis, moet voor die Skoolhoof gebring word. Die Skoolhoof sal die getuienis aanhoor en dan besluit watter optrede gevolg moet word. Sodanige optrede moet insluit dat die Skoolhoof die ouers skriftelik in kennis moet stel van die voorgestelde optrede en ʼn billike verhoor deur ʼn klein beslissingsraad, bestaande uit lede wat deur die Beheerliggaam aangewys is, moet reël. Hierdie beslissingsraad moet die leerder nie intimideer nie. In die geval van baie jong leerders moet spesiale reëlings vir die verhoor getref word. Die ouers of voogde kan die leerders verteenwoordig.

3. Indien daar ʼn ernstige oortreding begaan is wat verdere optrede noodsaak word die volgende prosedure gevolg:

   3.1 Skoolhoof verwys die probleem na die Beheerliggaam sonder om die naam van die leerder te noem.
   3.2 Die Beheerliggaam tref die nodige reëlings vir die verhoor.
   3.3 Voor die verhoor moet die Beheerliggaam twee persone aanstel wat seker moet maak dat die saak ernstig genoeg is om ʼn verhoor te regverdig.
   3.4 Indien daar besluit word dat ʼn verhoor wel moet plaasvind wys die Beheerliggaam skriftelik vyf (5) persone aan wat die verhoor moet waarneem.
   3.5 Hierdie vyf persone hoef nie deel van die Beheerliggaam te wees nie, dit kan ʼn kombinaise wees van beheerliggaamlede en ander/buite spesialiste of kundiges
   3.6 Dit mag buite persone wees, soos ʼn afgetrede skoolhoof, predikant, maatskaplike werker, prokureur, ens. Hulle moet neutraal wees en mag op geen manier by die saak betrokke wees nie.

## ALGEMENE BELEID RAKENDE DISSIPLINÊRE OPTREDE EN VERHORE

Die skoolhoof mag in die uitoefening van sy diskresie gelas dat 'n dissiplinêre gesprek in plaas van'n dissiplinêre verhoor gehou word. Geen tugstappe is ter sprake nie en die fokus is op ondersteuning, regstelling en remediëring van 'n opvoedkundige aard wat by wyse van aanbevelings en konsensus tussen die betrokkenes afgehandel word. Die klem en gees van die gesprekvoering is gerig op regverdigheid en 'n billikheid.

**AANVULLENDE VERDUIDELIKINGS NA AANLEIDING VAN STAATSKOERANT 26106 NR 25426**

- Voorlopige skorsing is tydelik van aard met 'n maksimum van sewe (7) skooldae as strafmaatreël.
- In terme van Artikel 9 (1) van die Onderwyswet kan die skoolhoof of dissiplinêre hoof nou 'n leerder voorlopig skors vir sewe (7) skooldae in geval van ernstige wangedrag sonder dat 'n dissiplinêre verhoor gehou word. Sodanige skorsing het dit ten doel om die leerder tydelik uit die klas te verwyder as voorkomende maatreël tot tyd en wyl die formele dissiplinêre verhoor plaasvind.
- Daadwerklike skorsing tree in werking indien 'n leerder in die daaropvolgende dissiplinêre verhoor skuldig bevind word en die skorsing as 'n gepaste vonnis opgelê word.
- Skriftelike kennisgewing, volledige notule van die dissiplinêre verhoor, 'n afskrirf van die uitspraak van die dissiplinêre komitee, 'n afskrif van die beheerliggaam se skriftelike magtiging sowel as alle dokumentasie wat die geskiedenis van die oortreding van die verhoor voorafgegaan het, moet deurgegee word aan die WKOD.
- Uitsetting is permanent van aard en moet deur die onderwyshoof van die Onderwysdepartement bekragtig word.

(Hersiene beleid)-Goedgekeur op SBLvergadering 28 Januarie 2025_(Datum)



______________________

Mnr. JG. Giliomee
Skoolhoof



______________________

Dr D Du Toit
Beheerliggaamvoorsitter

**KENNISGEWING VAN DIE DISSIPLINÊRE VERHOOR VAN 'N LEERDER, GEDRUK OP DIE BRIEFHOOF VAN DIE SKOOL**

**Naam van die leerder:**

**Adres:**

**Vir handaflewering**

**Kennisgewing van ’n dissiplinêre verhoor**

Neem asseblief kennis dat u op die datum, tyd en plek onderaan hierdie kennisgewing voor die dissiplinêre komitee van die beheerliggaam moet verskyn om te antwoord op die klagte(s) wat teen u ingebring is, waarvan die besonderhede hier onder verskyn:

Klag(te)

U word van wangedrag aangekla aangesien u na bewering:

1 reël (*vul reëlnommer in)* van die skool se gedragskode op ____________________ (*vul datum van oortreding in*) te _____________ (*vul plek van oortreding in*) oortree het deur ______________ (*gee bondige opsomming van die besonderhede van die oortreding*); en

2 (*Herhaal bostaande indien nóg oortredings beweer word.)*

Let asseblief op die volgende:

1. U is geregtig om gedurende die verrigtinge deur u ouer of iemand wat deur u ouer aangewys is, verteenwoordig te word.
2. Indien u van plan is om van regsverteenwoordiging gebruik te maak, moet die proses vir toestemming daarvoor soos dit in die skool se gedragskode voorgeskryf word, gevolg word. U sal self vir die koste van u regsverteenwoordiging verantwoordelik wees.
3. U sal geregtig wees om getuies wat teen u kan getuig, te ondervra; om self te getuig; om u eie getuies te roep; om dokumentêre getuienis wat teen u aangebied kan word, te ondersoek, en ook self dokumentêre getuienis voor te lê.
4. Dit is u verantwoordelikheid om toe te sien dat getuies wat u wil roep om namens u te getuig, by die verrigtinge teenwoordig is en bly so lank as wat hul teenwoordigheid vereis word.
5. U sal daarop geregtig wees om die komitee oor enige aangeleentheid met betrekking tot die verrigtinge toe te spreek.
6. Die taal waarin die ondersoek gehou sal word, is die taal van die skool. Indien u die dienste van ʼn tolk sou benodig, moet u self daarvoor voorsiening maak.
7. Indien u versuim om die verrigtinge by te woon of tot die afhandeling daarvan teenwoordig te wees, kan die verrigtinge in u afwesigheid voortgesit en afgehandel word.
8. Dit is u verantwoordelikheid om u te vergewis van die skool se reëls met betrekking tot dissiplinêre verrigtinge, soos dit in die skool se gedragskode vervat word.
9. Woon asseblief die verrigtinge in skooldrag by.

**Datum van verhoor:**

**Tyd van verhoor:**

**Plek van verhoor:**

_________________________ ______________

**SKOOLHOOF** **DATUM**

Laerskool
HERMANUS
Primary

Ek, __________________, erken hiermee ontvangs van die brief op ___________________.

________________________ ___________________

Handtekening van leerder Handtekening van ouer

**KENNISGEWING VAN DIE UITSLAG VAN DIE DISSIPLINÊRE VERHOOR VAN 'N LEERDER, GEDRUK OP DIE BRIEFHOOF VAN DIE SKOOL**

**Naam van die leerder:** **Naam van die aanklaer:**

**Adres:**

**Vir handaflewering**

**Kennisgewing van die uitslag van ’n dissiplinêre verhoor**

Ontvang asseblief kennis van die uitslag van die dissiplinêre verhoor op __________ (*vul datum in)* met betrekking tot die klagte(s) wat teen _______________ (*vul naam van leerder in)* ingebring is.

Klag(te)

1. (*Vul bloot in ‘skuldig’ of ‘onskuldig’.)*
2. *(Herhaal bostaande indien nóg oortredings beweer is.)*

Redes vir die bevinding:

(*Verskaf volledige redes vir die komitee se bevinding.)*

Straf

Die straf wat u opgelê word, is soos volg:

1. (*Vul die besonderhede van die straf in.)*
2. *(Herhaal bostaande indien nóg skuldigbevindings uitgebring is.)*

Redes vir die straf

*(Verskaf volledige redes vir die komitee se besluit oor die straf.)*

______________________ ____________

**Voorsitter: Dissiplinêre komitee** **DATUM**

Ek, _________________, erken hiermee ontvangs van die brief op __________________.

______________________ __________________

Handtekening van leerder Handtekening van ouer

_____________________

Handtekening van aanklaer